LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

12 November 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Petrie de Villiers
23STE WEEK IN KONINKRYKSTYD
Fokusteks uit Leesrooster: 1 Tess 4:13-18
RCL tekste: Ps 78; Jos 24:1-25
Mat 25:1-13
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15
Jackie & Hennie: Gr 1 tot 6 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12
in Konsistorie @ 17h30

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir Boodskap

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers. Ons bid voortdurend dat die Here se wil sal geskied.
- Almal wat beïnvloed is deur die Gordonsbaaibrande en huise verloor het
- Kankerbehandeling: Owen Wallis
- Joël Kriegler vir gesondheid

FOKUSTEKS: 1 Tess 2:9-13

Die kennis wat Paulus vir dié nuwe Christene aanbied, is die geloof dat Jesus gesterf en opgestaan het. Dít is die grond van hulle troos, hoop en toekomsverwagting. Dít is die grond waarin die opstanding van alle gelowiges anker. Dit kan klink asof Paulus van mening is: "Mense met hoop, treur nie." Die teks praat egter daarvan om in staat te wees om te treur – met hoop en nie met 'n hooploosheid nie. Hoop beteken nie dat ons *nie* onder verlies ly nie, dat ons *nie* ons geliefdes verskriklik mis nie, dat ons *nie* ook deur dele van Getsemane gaan of soms selfs soos Job op die ashoop sit nie. Dit is noodsaaklik dat ons hartseer en pyn in die oë kyk, ons eie en die wêreld s'n.

Volgelinge van Jesus sê: "Jesus kom weer, laat ons daarom armoede uitwis, laat ons die wonde en doodsangs van die wêreld heel." Ons treur soos diegene met hoop. Ja, Jesus kom weer! "Troos mekaar dan met hierdie woorde" (vers 18).....

GEBEDSTEMA: NOV 2017
ADVENT & KOMENDE KERSTYD

Week 2 (12 Nov - 18 Nov)
Dankie Heer en Vredevors dat U aan ons vrede gee wat alle verstand te bowe gaan.

Jes 9:5 *"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."*
Bid ook Fil 4:4-9

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR NOVEMBER: WEEK 2

HOEKOM MOET ONS IN JESUS SE NAAM BID?

- Ons bid in Jesus se Naam om die kruisdood en die oorwinning op Golgota toe te eien
- Deur te bid in Jesus se Naam gee ons erkenning dat Hy die Gesalfde is – Koning, Priester & Profeet.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

BERG 80 VERJAARSDAE: NOVEMBER 2017

Byvoeging: Alta Ellis word 81 op 16 November

GELUKKIGE HUWELIKS-HERDENKING

Rassie & Lizzie Erasmus was op 7 November, 'n allemintige 58 jaar getroud!! Ons bid julle alles wat mooi is toe, vol van die Here se goedheid en guns!!!

Liewe Johannesvriende

Ek (Lindie Lourens) en Johannes het twee jaar gelede ‘n klip in die bos gegooi en daar het ‘n “Leeu” uitgespring. ‘n Bedrag van R21 950 is verlede jaar (R19 600 twee jaar gelede) vir Johannes se Bybelverspreidingsprojek bymekaargemaak en omdat van die donateurs gevra het dat ons dit ‘n jaarlikse instelling maak, is ons op ons pos vir 2017 se uitdaging. Help my, sodat ons hierdie droom van Johannes vanjaar nóg verder kan vat. Dis nie geld wat Johannes vir homself gebruik nie, maar elke sent word vir Bybelverspreiding
gebruik. Johannes mag elke jaar kies waarnatoe die geld moet gaan. Hierdie jaar het hy die organisasie, HEY! gekies. Hulle gaan na skole in en om die Strand om die Woord te verkondig en Bybels uit te deel. Het het ook spesifiek gevra dat die meeste Bybels na sy ou skool, Laerskool Hendrik Louw moet gaan. HEY! se logo: “Wake up and join the hope explosion! Be a light in the dark world for Jesus!” Vir vanjaar se projek is daar ‘n lieflike skildery deur Ann Gadd. Sy is 'n welbekende SA kunstenaar, skrywer en motiveringspreker. Sy het reeds 14 boeke geskryf en het die kunsreeks "art for ewe" (oor skape)



geskep. Haar motto is: "I create art with a smile, (which is a great way to live!) Haar motto laat ‘n mens so aan Johannes dink. Hierdie spesifieke skildery is 20X20cm. Gaan google haar gerus.

Johannes het saam met sy ma, Anelé, ‘n krale-hangstokkie vir die tuin ingeryg.



Vir elke R50 wat jy inbetaal, stuur ek vir jou ‘n nommer. (Jy e-pos die inbetalingsbewys na lindielourens2@gmail.com en ek e-pos vir jou jou nommer(s).) So sal ons weer kan boekhou van die totale bedrag wat inkom.
As jy nog altyd graag iets vir Bybelverspreiding wou doen, kan jy nou help deur hierdie Bybelverspreidingsdroom van Johannes te ondersteun. Dalk vir die eerste keer óf dalk reeds die derde keer.
Johannes verjaar op 1 Desember. Op sy 16de verjaarsdag (minder as ‘n maand van nou af) gaan ons weer vanjaar se projek afsluit wanneer hy die gelukkige nommer sal trek. Die eienaar van hierdie besonderse skildery en krale-hangstokkie sal so bepaal word.

Groete, Lindie Lourens
Bankbesonderhede: Lindie Lourens: Standardbank Robertson
Tjekrekeningnr: 082345422 ; Takkode : 050413
Merk asseblief duidelik : Johannes Bybelverspreiding 2017

Indien jy nog nie die volle verhaal van Johannes ons wonderkind ken nie, kan jy gerus op ons Webtuiste gaan lees: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/versorging/getuienisse/wonderwerk-verhaal (onderaan al die Nuusbriewe is ook ‘n videogreep).